

TOERISME KWARTAAL 2

GRAAD 11

Onderwerp: Kultuur en erfenis

Inhoud: Suid-Afrikaanse Erfenisliggame

Nasionale besit	<ul style="list-style-type: none"> Dié hulpbronne van kulturele belang wat nasionale waarde het en bewaar moet word vir die huidige gemeenskap en vir toekomstige generasies
Suid-Afrikaanse Erfenis- en Hulpbronagentskap (SAEHA)	<ul style="list-style-type: none"> Die Suid-Afrikaanse Erfenis- en Hulpbronagentskap (SAEHA) is ooreenkomsdig die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, Wet 25, 1999, ingestel SAEHA is 'n agentskap van die Departement van Sport, Kuns en Kultuur SAEHA is die nasionale administratiewe liggaam verantwoordelik vir die bewaring van Suid-Afrika se kulturele erfenis
Logo/Kenteken	
Funksies	<ul style="list-style-type: none"> SAEHA se take is om: <ul style="list-style-type: none"> terreine en voorwerpe wat kulturele belang vir ons nasie het te identifiseer ons nasionale besit vir toekomstige generasies te bewaar die fisiese status van ons nasionale besit te bewaar en te onderhou ons oor die nasionale besit op te voed en te bevorder met die doel om ons nasie deur erfenis te verenig 'n inventaris van die nasionale besit op te stel en te onderhou in die vorm van 'n databasis van inligting oor erfenis-hulpbronne


Provinsiale erfenisliggame	<ul style="list-style-type: none"> Die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, nr 25 van 1999 volg die beginsel dat erfenishulpbronne deur regeringsvlakte wat die naaste aan die gemeenskap is bestuur moet word Elke provinsie het 'n provinsiale erfenisliggaam. 																			
	<table border="1"> <thead> <tr> <th>Provinsie</th><th>Naam van provinsiale erfenisliggaam</th></tr> </thead> <tbody> <tr> <td>Oos-Kaap</td><td>Oos-Kaap Oos-Kaapse Provinsiale Erfenishulpbronagentskap</td></tr> <tr> <td>Vrystaat</td><td>Vrystaat Vrystaat Erfenishulpbronagentskap</td></tr> <tr> <td>Gauteng</td><td>Gauteng Gauteng Provinsiale Erfenishulpbronagentskap (GPEHA)</td></tr> <tr> <td>KwaZulu-Natal</td><td>KwaZulu-Natal Amafa AkwaZulu-Natali/Erfenis KwaZulu-Natal</td></tr> <tr> <td>Limpopo</td><td>Limpopo Provinsiale Erfenisagentskap</td></tr> <tr> <td>Mpumalanga</td><td>Mpumalanga Provinsiale Erfenishulpbronagentskap</td></tr> <tr> <td>Noord-Kaap</td><td>Ngwao Boswa Kapa Bokoni</td></tr> <tr> <td>Noordwes</td><td>Noordwes Noordwes Provinsiale Erfenishulpbronagentskap</td></tr> <tr> <td>Wes-Kaap</td><td>Wes-Kaap Erfenis Wes-Kaap</td></tr> </tbody> </table>	Provinsie	Naam van provinsiale erfenisliggaam	Oos-Kaap	Oos-Kaap Oos-Kaapse Provinsiale Erfenishulpbronagentskap	Vrystaat	Vrystaat Vrystaat Erfenishulpbronagentskap	Gauteng	Gauteng Gauteng Provinsiale Erfenishulpbronagentskap (GPEHA)	KwaZulu-Natal	KwaZulu-Natal Amafa AkwaZulu-Natali/Erfenis KwaZulu-Natal	Limpopo	Limpopo Provinsiale Erfenisagentskap	Mpumalanga	Mpumalanga Provinsiale Erfenishulpbronagentskap	Noord-Kaap	Ngwao Boswa Kapa Bokoni	Noordwes	Noordwes Noordwes Provinsiale Erfenishulpbronagentskap	Wes-Kaap
Provinsie	Naam van provinsiale erfenisliggaam																			
Oos-Kaap	Oos-Kaap Oos-Kaapse Provinsiale Erfenishulpbronagentskap																			
Vrystaat	Vrystaat Vrystaat Erfenishulpbronagentskap																			
Gauteng	Gauteng Gauteng Provinsiale Erfenishulpbronagentskap (GPEHA)																			
KwaZulu-Natal	KwaZulu-Natal Amafa AkwaZulu-Natali/Erfenis KwaZulu-Natal																			
Limpopo	Limpopo Provinsiale Erfenisagentskap																			
Mpumalanga	Mpumalanga Provinsiale Erfenishulpbronagentskap																			
Noord-Kaap	Ngwao Boswa Kapa Bokoni																			
Noordwes	Noordwes Noordwes Provinsiale Erfenishulpbronagentskap																			
Wes-Kaap	Wes-Kaap Erfenis Wes-Kaap																			
<ul style="list-style-type: none"> Die funksies van die provinsiale erfenisagentskappe sluit in die identifisering, optekening en bestuur van die erfenishulpbronne en -voorwerpe in die provinsie, asook jaarverslae oor die aktiwiteite van die agentskap. Die erfenisagentskappe moet ook vir SAEHA in kennis stel as daar erfenishulpbronne in die provinsie is wat aan Graad I-status voldoen, met ander woorde nasionale erfenisstatus. Erfenishulpbronne met Graad II status (Provinsiale Erfenisterreine) word in die provinsiale erfenisregister aangeteken. Provinsiale owerhede moet vasstel of plaaslike owerhede die erfenis kan bestuur. 																				
Spesiale erfenispermitte en beskermingsregulasies																				
Strukture wat ouer is as 60 jaar	<ul style="list-style-type: none"> Strukture wat ouer as 60 jaar is, word kragtens wet beskerm omdat hulle deel van ons kultuurerfskat uit die verlede verteenwoordig. Dit kan ou geboue insluit wat voorbeeld van historiese argitektuur is, soos Kaaps-Hollandse argitektuur, brûe of ander struktuurvorme in die bebonde omgewing wat 'n belangrike deel van die geskiedenis van die land se ontwikkeling is. As 'n terrein as 'n Nasionale Erfenisterrein verklaar is mag niemand die terrein vernietig, beskadig, opgrawe, verander, van posisie verander of verdeel sonder 'n permit van die relevante erfenishulpbron ouoriteit of SAEHA nie. Die relevante erfenishulpbron ouoriteit moet 'n kennisgiving in die Staatskoerant plaas oor vooruitsigte vir die terrein, sodat die publiek hierdie kan aanvaar of verwerp. 																			
																				
<p>Kasteel de Goede Hoop, Kaapstad</p>																				

Argeologiese en paleontologiese terreine en materiale

Argeologie is die studie van historiese en prehistoriese mense; hul gereedskap, rotskuns, strukture en ander spore wat hulle agter gelaat het. Argeoloë gebruik wetenskaplike metodes om hierdie spore uit die grond te grawe sodat al die leidrade gevind word, rekord daarvan gehou kan word, daar bepaal kan word hoe oud dit is asook geïnterpreteer word. Op hierdie manier kan argeoloë die menslike geskiedenis rekonstrueer.



Paleontologie is die studie van die oorblyfsels van plant- en dierlewe wat 'in klip verander het'. Hierdie oorblyfsels word fossiele genoem en is dikwels die bene van diere wat gevrek het en in modder of sand begrawe is en daarna fossiele geword het of in die rots gepreserveer is.



- Individue of gemeenskappe wat op argeologiese of paleontologiese terreine aanspraak wil maak moet hierdie terreine op erfenisregisters registreer.
- Iemand wat enige iets by die terrein wil verander moet 'n permit van SAEHA verkry.
- SAEHA moet 'n permit uitreik voordat ontwikkeling in en om dié terreine mag plaasvind.

Meteoriete

Meteoriete is stukke rots wat vanuit die buitenste ruimte op die aarde geland het. Hulle bevat leidrade oor die aarde se ontstaan asook ander aspekte oor die geologiese geskiedenis.



- Meteoriete word wetlik beskerm en lede van die publiek mag nie stukkies van meteoriete optel of verwijder nie, omdat dit as deel van die nasionale erfbesit beskou word.
- Hierdie ruimtevoorwerpe het 'n ingrypende impak op die landskap en veroorsaak gewoonlik 'n krater ('n holte of terreininsinking), bv Vredefortkoepel.
- Voordat enige ontwikkeling in die area waar daar bewyse van die impak van meteorites is kan plaasvind, moet die ontwikkelaars 'n permit van SAEHA kry.

Skeepswrakke

Skeepswrak: die oorblyfsels van 'n skip wat in die see gesink het



- Daar is bykans 3 000 historiese skeepswrakke van verskillende nasionaliteite wat om ons kuslyn gestrooi is.
- Skeepswrakke is 'n unieke argeologiese bron en gee waardevolle geskiedkundige inligting, bv navigasie instrumente, breekware, gereedskap en medisyne wat passasiers aanboord die skip gebruik het.
- Skeepswrakke en items vanaf skeepswrakke wat ouer as 60 jaar is word deur die Wet op Nasionale Erfenishulpbronnes beskerm en is die eiendom van die staat.
- Hierdie erfenisterreine en items mag nie geskuif word nie tensy 'n permit wat toestemming verleen deur SAEHA uitgeryk is.
- 'n Permit word nie benodig as daar by skeepswrakke besoek afgelê/geduiik word mits daar met niks gepeuter word nie en dat geen artefakte ('n mensgemaakte voorwerp, gewoonlik van kulturele of historiese belang) verwijder of beskadig word nie

Begraafplase en grafte

- Begraafplase en grafte is fisiese en simboliese herinneringe van ons geskiedenis.
- SAEHA is verantwoordelik vir die identifisering, bewaring en beskerming van begraafplase en grafte van geskiedkundige en kulturele belang. Dit sluit in:
 - Die grafte van soldate en burgerlikes wat tydens oorloë binne of buite Suid-Afrika gesterf het
 - Die grafte van vryheidsvegters wat tydens die politieke vryheidstryd gesterf het
 - Die grafte van individue wat uitstekende diens aan hul gemeenskappe gelewer het, bv konings en politieke leiers
- Voordat lyke uit hierdie grafte opgegrawe, geskuif of herbegrawe kan word moet hulle 'n permit van SAEHA verkry.
- SAEHA sal slegs 'n permit uitreik nadat betrokke familielede of gemeenskappe geraadpleeg is.

Grafte van Britse soldate, Isandlwana



Hector Peterson Gedenksteen

